28 Oktober 2012

WAPADRANT GEMEENTE OUDERLINGE HANDLEIDING

1. **Opdrag:**
   Die Raad van Ouderlinge (RvO) het opdrag gegee dat die rol van die ouderling in ’n prakties konkrete werkbare metodiek uiteengesit word. Hierdie dokument is saamgestel na aanleiding van ‘n aantal besluite wat deur die RvO geneem is tussen 2008 en 2011.Besluite word nie spesifiek gelys nie, maar verskyn in RvO vergaderingnotules, en kan nageslaan word indien iemand dit sou wou doen.

2. **Metode:**
   Daar is ’n aantal algemene opmerkings as vertrekpunt gemaak. Daarna is die oorsprong, die posisie en die ouderling se aanstelling bestudeer vanuit verskeie tekste waarin die ouderling figureer nl. 1 Petrus 5:1-4; 1 Tim 3:1-7; 1 Tim 5:17-20; Titus 1:5-13; Hand. 20:28 (Paulus se opdrag aan ouderlinge in Efese). Daar is ook tekste bestudeer wat in verband met die ouderling (se werk) genoem word soos Handl. 15:2,4,6,23, & 16:4; Ef. 4:11,12 (herder); 1 Kor. 12:28 (regeer), 1 Thess. 5:12 (voorganger),Heb. 13:17, Jak.5:14.

   Die praktyk in Wapadrant gemeente word gestel waarna daar ’n voorstel gemaak word ten opsigte van die rol van die ouderling in dié gemeente.

   Daar is ook gekyk na soortgelyke en aanverwante studies deur Gereformeerde Kerke naamlik Linden, Bergbron, Wierdapark asook ander kerke op Gereformeerde Grondslag nl. Duet (Potchefstroom) en Ruimsig (Krugersdorp). Verskeie gesprekke met professore in NT en pastoraal is ook gevoer.

3. **Algemene opmerkings:**
   3.1 Die kerkraad het reeds besluit dat **WPR ’n gemeente is wat in kleingroepe** funksioneer. Dit word dan as uitgangspunt in die werkstuk geneem.
   3.2 Die woord amp kom glad nie in die Bybel voor nie. Die ouderling vervul duidelik ’n **funksie** waarvoor daar behoefte in die Nuwe Testamentiese kerk was. Die saak is baie groter as die persoon wat die funksie verrig. Die saak was eerste daar en toe die persoon. Du Plooy (2007) soos aangehaal deur JJJvRensburg wys daarop dat dit gaan om “nederige dienswerk” en dat dit nodig lyk om die woord “amp” met “diens” te vervang, aangesien “amp” in hedendaagse Afrikaans ’n konnotasie het van gesag, posisie en status wat vreemd is aan die Nuwe-Testamentiese idee van ’n besondere bediening.
   3.3 **Verhoudings** staan sentraal in die Skrif (Getz; 1994:138, Kruger; 2007). Daarom handel die ouderling se werk hoofsaaklik rondom gelowiges binne verhoudings met God, hulself, medemens en skepping.
   3.4 Leierskap behoort in die lig van die Nuwe Testament die klem te laat val op **“leiding gee” en “sorg dra”** en sodoende wegbeweeg van begrippe soos “toesig hou” en “regeer”.
   3.5 Ouderlinge is **verantwoordelik vir gemeente** (Handl. 20:28). Dit is God se kudde wat hy onder die sorg van die ouderlinge plaas. Die kerkraad (GKW) se beleidstuk is in lyn met die Skrif wat aandui dat die Ouderlinge verantwoordelikheid vir die gemeente neem.

4. Oorsprong van die ouderling:

Die titel ouderling kom nêrens in die Ou Testament voor nie. Wat wel gevind word is dat mense met gawes en wysheid aangestel is om leiersrolle te vervul. Wanneer die werk vir Moses as leier te veel word beveel Jetro hom aan om bekwame mense aan te stel as leiers oor duisend, honderd, vyftig en tien (Eksodus 18:17-22). Die leiers moes saam met Moses die verantwoordelikheid dra. Later vind ons die 12 stamme met elkeen hul onderskeie leiers. Josua en die rigters word aangestel as leiers om die volk te lei en later ook die Konings. Die Here het ook aan die mense wat die volk in liefde en verantwoordelikheid voor Hom gelei het die gawes gegee.

Die oorsprong van die funksie of diens van die ouderling word nie eksplisiet in die Skrif aangetref nie. Ons vind dit net daar. Titus kry byvoorbeeld opdrag om ouderlinge in elke dorp aan te stel soos aan hom opgedra is (Titus 1:5). In Handelinge 14:23 staan bloot: *In elke gemeente het hulle ouderlinge gekies.* Ons kan nie anders as om te aanvaar dat die opdragte deur die Heilige Gees geïnspireer is en daarom funksioneel tot die gemeente hoort.

5. Die posisie van die ouderling:

Dit gaan nie oor ŉ gesagsposisie of rangstruktuur waarin die ouderling ŉ plek vervul nie. Dit is duidelik die funksie van ŉ padwerker wat na Jesus Christus wys. Nadat aan Titus gesê is om ouderlinge aan te stel word onmiddellik die vereistes gegee. Dit moet dus iemand wees wat die beeld van Christen wees modelleer. Dit is ŉ funksionele rol en moet nie as ŉ gesagsposisie gesien word nie. (Sien verder Mat 23:8-11 *"Maar julle moet julle nie 'Rabbi' laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers. Moet niemand hier op aarde as 'vader' aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel. Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus. Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien.*

6. Ouderlinge word aangestel en/of verwys na as:

6.1 Opsieners:

Hand 20:28: 28 Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as **opsieners** aangestel het om as **herders** die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.
Afrikaanse Ou Vertaling
Die woord episkopous is met opsieners vertaal en poimainein (om as herders op te tree)

6.2 Voorgangers:

Heb.13:7: Dink aan julle **voorgangers** wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het (1983 vertaling).
Heb. 13:17: Julle **voorgangers** hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie (1983 vertaling).

Die Griekse woord van *hegeomai* in die oorspronklike word in beide gevalle *as voorganger* vertaal

6.3 Leiers:

1 Thes. 5:12: [12]Liewe broers en susters*, ons vra julle om erkenning te gee aan die mense wat hard onder julle werk. Hulle is julle **leiers** in die Here se werk en hou julle op die regte pad (NLV),

Die Griekse woord van *prohistemi* in die oorspronklike taal is met leiers vertaal.

6.4 Herders:

Ef. 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as **herders en leraars**, 12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus.

1 Pet 5:2: **Hou as herders toesig** (nuwe vert. "pas die kudde op") oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;

Herders is vertaling van *poimenos (ous)*

Leraars is vertaling van *didaskalos*

6.5 Bestuurders:

Titus 1:7 "'n Ouderling is immers 'n **bestuurder** van die huishouding van God.

Bestuurder is die vertaling van Episkopos

6.6 "Bidders":

Jakobus 5:14-15 As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word. Getz (1994:175) sien gebed as een van die 3 primêre take van die ouderling.

6.7 Besluitnemers:

Dit blyk uit die vergadering in Jerusalem dat die ouderlinge saam met die apostels besluitnemingsbevoegdheid het, en dat hierdie besluit(e) gesag het (Hand 15:2 – 16:4).

7. Die huidige praktyk in Wapadrant gemeente:

Dit is baie duidelik vanuit bogenoemde eksegese dat dit in die ouderling amp veel eerder gaan oor "leiding gee" en "herder wees" en daarom is besluit dat daar twee groepe ouderlinge sal wees nl. RvO ouderlinge en Herder ouderlinge wat albei volledig ouderling is maar wat verskillende funksies in die gemeente verrig.

8. Gesindhede van ouderlinge:

`n Geroepe ouderling sal met `n goeie gewete voor die Here van harte voel en glo dat al die artikels van die leer wat vervat is in die Drie Formuliere van Eenheid van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika, in alles met die woord van God ooreenkom. Daarom sal elke ouderling die genoemde leer getrou handhaaf, verdedig en bevorder, sonder om iets daarteen openlik of in die geheim direk of indirek te doen, te leer of te skryf

en dat alle dwalinge wat teen hierdie leer stry, sal teenstaan, weerlê en help om dit uit die kerk te weer. Verder sal elke ouderling enige bedenkinge wat hy/sy teen die leer mag hê, eers aan die RVO bekend sal maak om daaroor klarigheid te kry volgens die beginsel van meerdere wysheid.
Die ouderling sal die reg van appel hê indien hy/sy meen om deur die beslissing van die RVO verontreg te wees. Die ouderling sal gedurende die tyd wat dit neem om klarigheid te kry, die saak met gepaste verantwoordelikheid voor die Here te benader.
In alle verskille sal die vereistes van onderlinge liefde en eenheid interaksies rig en Mattheus 18 sal die beginsel wees waarop alle verskille hanteer sal word Geen saak oor verskille tussen ouderlinge en/of predikante sal op die agenda van die RvO/HO geneem word alvorens die weg van Mattheus 18 nie eers gevolg is nie.

9. Raad van Ouderlinge:

Die ideaal is dat daar ŉ betreklike klein groep geroep word om as leiers die visie, koers en rigting van die gemeente aan te dui
*Hulle moet as “opsieners” waak om die negatiewe (dwaalleer) uit die gemeente te hou maar moet veral positief apologeties wees deur pro-aktief koers en rigting aan te dui ten opsigte van moderne vraagstukke en kwessies wat eise aan die kerk stel.
*Dié ouderlinge moet ook in staat wees om gelowiges met onderrig, raad en gebed by te staan
*Die groep ouderlinge is ook verantwoordelik vir die skakeling van die gemeente in kerkverband en wys afgevaardigdes aan om meerdere vergaderings by te woon. Afgevaardigdes mag ook uit die HO groep kom.
*Die RvO is die regspersoon van die gemeente.

10. Herder Ouderlinge:

Hierdie groep ouderlinge sal veral verantwoordelik wees vir die herderlike versorging van die gemeente en hulle take kan as volg opgesom word:
*Besoek en bou verhoudings met veral daardie lidmate wat nie in kleingroep verband ingeskakel is nie en lei hul sover moontlik om wel by Kleingroepe in te skakel.
*Bou verhoudings op met lidmate wat geen dankoffers gee nie. Aangesien dankoffer bydraes `n saak is van verhoudings moet daar eers verhoudings gebou word alvorens daar tot `n gesprek oor dankoffers oorgegaan word.
*Skakel met Kleingroep leiers, soos in punt 10 hieronder uiteengesit, sodat daar vir elke Kleingroep `n herder ouderling as kontak persoon is. Daar word verwag dat lede van die RvO ook hier betrokke kan wees maar die HO koördineer dit. (Die administrasie van Kleingroepe word hanteer deur die Kleingroep Diensgroep)
*Oorkoepelend verantwoordelik vir die onderlinge liefde en verhoudings van al die lidmate wat dan ook leer en lewe insluit. Dus is die groep ouderlinge ook verantwoordelik vir alle sensorum morum sake.
*Verantwoordelik vir die bediening van versoening aangeleenthede in die gemeente.
*Verantwoordelik vir die goeie funksionering van die KGe.
Kleingroepleiers speel `n deurslaggewende rol in die uitvoering van die pligte van `n HO en gevolglik is dit een van die hooftake van die HO om as ondersteuning vir die KG leier op te tree. Lidmate moet besef dat hulle dissipelskap sewe dae per week van krag moet wees. Dit hou in dat lidmate mekaar daagliks in die geloof moet versorg en dat veral die HO ouderlinge, die ondersteuning aan kleingroepleiers en lidmate moet bied om ware dissipels van Christus te kan wees.

Vanweë die feit dat kleingroepleiers gereeld met kleingroeplede kontak het, is die kleingroepleier die aangewese persoon om die eerste vlak pastorale sorg te fasiliteer en tussen kleingroeplede te stimuleer. Lidmate moet besef dit gaan om ‘n 7 dae kerk week. Kerk is elke dag van die week. Kleingroepleiers moet ook die lede kan daag met geloofstimulerende vrae vra soos:
Groei julle in jul geloofslewe?,
Wanneer laas het jy iemand na Jesus Christus gelei?,
Wanneer laas het jy ’n behoeftige gehelp?,
Het jy met nagmaal die liggaam van Jesus Christus onderskei?,
Het jy ’n passie om vir Jesus Christus te leef?
Watter faktore doof jou geloofspassie?

Kleingroepleiers moet ook toesien dat die vyf elemente van ‘n kleingroepbyeenkoms vergestalting vind sodat byeenkomste nie skeeftrek in slegs ‘n sosiale byeenkoms of net ‘n bybelstudie nie. Die vyf elemente is: Mens tot mens (verwelkoming & navraag na mekaar se welsyn), Mens tot God (lofprysing en aanbidding), God tot mens (Luister na die Here), Mens tot mens (kleingroep se dienswerk) en mens tot God (gebed).

Kleingroep leiers moet ook ondersteunend optree sodat die vyf Fokus Areas tot hul reg kom in die daaglikse lewe van lede van `n kleingroep.

Die bediening van versoening (tug) sal volgens Mat 18 ook in die kleingroep in aanvang neem. Waar ‘n lidmaat hom nie bekeer nadat daar in die kleingroep met hom gepraat is nie sal kleingroepleier die saak na die betrokke Herder ouderling neem vir verdere hantering. Die normale pad van die bediening van versoening (tug) soos in die kerkorde uitgespel word, sal gevolg word.

Die kleingroepleiers sal in die praktyk verslag doen aan die HO.

11. Gesamentlike verantwoordelikhede van alle ouderlinge soos dit in die praktyk van hulle verwag word:

*Is medeverantwoordelik vir alle opname gesprekke saam met `n predikant
*Bedien nagmaal volgens beurtdiens roosters
*Doen die afkondigings, verwelkoming en openingsgebed voor elke erediens volgens beurtdiens rooster
*Hou toesig oor katkisasie aangeleenthede op die Sondag wat dit sy/haar diensbeurt is.
*Wees beskikbaar na elke erediens wat dit haar/sy diensbeurt is, om met lidmate en besoekers na die diens te praat as daar so `n behoefte is
*Oorkoepelend verantwoordelik vir die goeie gang van sake tydens `n erediens en moet dus ook seker maak dat kollektes opgeneem word, die oudiovisuele dienste in plek is en gelewer word.
*Is ook verantwoordelik vir die evaluering van die hele erediens en die invul van die evalueringsvorm na die erediens vir voorlegging aan en bespreking deur die volgende RvO / HO vergadering.
Hy/Sy moet hom/haar ook vergewis volgens beurtlys dat die katkisasie (jeug kleingroepe) ordelik en volgens die vooraf goedgekeurde program aangaan.

*Alle ouderlinge moet alle notules van die RvO, HO en BDG vergadering nagaan om op hoogte te kan bly met wat in die gemeente aangaan. Waar dit nodig geag word, moet skriftelike kommentaar binne een week gelewer word aan die voorsitter van die betrokke vergadering wat die saak dan volgens oordeel verder sal hanteer. Indien geen kommentaar gemaak word nie, word dit aanvaar dat elke ontvanger van die notule, die besluite steun waarteen geen besware ingebring is nie.
"Benewens die getroue bywoning van die betrokke vergaderings van die RvO en HO, moet alle ouderlinge ook die gesamentlike belynings vergaderings van die twee groepe ouderlinge bywoon.
*Alle ouderlinge doen diens by alle eredienste volgens die diensbeurtrooster maar kan in `n spesifieke versoek aan die dagbestuur, motiveer indien hy/sy nie kans sien om sekere van die eredienste te behartig nie. Indien goedgekeur sal sy/haar voorkeure dan sover moontlik in die diensrooster verreken word.

12. Kleingroepleiers:

<u>Hierdie paragraaf word hier ingesluit omdat die Ouderlinge so nou saamwerk met die Kleingroepleiers, sodat die rolle van beide goed verstaan kan word.</u>

Kleingroepleiers speel `n deurslaggewende rol in die kleingroepbediening en die versorging van die lidmate in `n kleingroep. Lidmate moet besef dat hulle dissipelskap sewe dae per week van krag moet wees. Dit hou in dat lidmate mekaar daagliks in die geloof moet versorg en dat al die ouderlinge gesamentlik die ondersteuning aan kleingroepleiers en lidmate moet bied om ware dissipels van Christus te kan wees.

Vanweë die feit dat kleingroepleiers gereeld met kleingroeplede kontak het, is die kleingroepleier die aangewese persoon om die eerste vlak pastorale sorg te fasiliteer en tussen kleingroeplede te stimuleer. Lidmate moet besef dit gaan om 'n 7 dae kerk week. Kerk is elke dag van die week. Kleingroepleiers moet ook die lede kan daag met geloof stimulerende vrae vra soos:

a) Groei julle in jul geloofslewe?,
b) Wanneer laas het jy iemand na Jesus Christus gelei?,
c) Wanneer laas het jy 'n behoeftige gehelp?,
d) Het jy met nagmaal die liggaam van Jesus Christus onderskei?,
e) Het jy 'n passie om vir Jesus Christus te leef?
f) Watter faktore doof jou geloofspassie?

Kleingroepleiers moet ook toesien dat die vyf elemente van 'n kleingroepbyeenkoms vergestalting vind sodat byeenkomste nie skeeftrek in slegs 'n sosiale byeenkoms of net 'n Bybelstudie nie. Die vyf elemente is: Mens tot mens (verwelkoming & navraag na mekaar se welsyn), Mens tot God (lofprysing en aanbidding), God tot mens (Luister na die Here), Mens tot mens (kleingroep se dienswerk) en mens tot God (gebed).

Kleingroep leiers moet ook ondersteunend optree sodat die vyf Fokus Areas tot hul reg kom in die daaglikse lewe van lede van `n kleingroep.

Die tug (bediening van versoening) sal volgens Mat 18 ook in die kleingroep in aanvang neem. Waar 'n lidmaat hom nie bekeer nadat daar in die kleingroep met hom gepraat is nie sal kleingroepleier die saak na die betrokke Herder ouderling neem vir verdere

hantering. Die normale pad van die bediening van versoening (tug) soos in die kerkorde uitgespel word, sal gevolg word.

Die ondersteuning van kleingroep leiers (fasilitering) is ook die verantwoordelikheid van die HO met ondersteuning waar ter sake van die RvO.

Die kleingroepleiers sal in die praktyk verslag doen aan die HO.